BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# KERK SE VERJAARSDAG

## Vrae vir 'n Gefokusde Lewe

### Afskop

**Hoe lank is jy al deel van ons gemeente? Wat is 'n spesiale herinnering wat jy het?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Watter waarde dink jy kan dit vir jou lewe hê as jy op die regte dinge fokus?**

**Watter dinge in hierdie wêreld dink jy is baie keer afleidings en versoekings wat keer dat ons op die regte dinge in die lewe fokus?**

**Dink jy 'n mens kan in jou geloofslewe op die verkeerde dinge fokus? Watter effek dink jy kan dit hê? Hoe keer 'n mens dat dit gebeur?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Markus 8:34-38. Met wie het Jesus gepraat in hierdie gedeelte? Op watter manier dink jy kan mense vandag deel wees van die skare en in die omgewing wees van God se dinge, maar nie werklik besig wees om Jesus te volg nie? Op watter manier het jy dit al in jou eie lewe beleef?**

**Filippense 2:5. Hoe kan 'n mens sien as iemand dieselfde gesindheid en ingesteldheid as Jesus het? Wat is sigbaar in so persoon se lewe?**

**Matteus 28:19-20. Wat is die groot opdrag in hierdie gedeelte? Sou jy sê jy as individu is besig daarmee? Watter aanpassings dink jy moet jy maak om hieraan gehoorsaam te wees?**

**Filippense 1:27 en Efesiërs 4:1. Wat is die gevaar as dit wat ons sê en hoe ons leef, nie bymekaar pas nie?**

**1 Petrus 3:15 en Romeine 10:14. Hoekom is dit nie goed genoeg om net 'n goeie lewe te leef nie? Hoekom is praat/verkondig ook belangrik? Hoekom moet ons die evangelie verduidelik? Hoe maklik vind jy dit?**

**In die preek is 5 vrae gestel wat ons almal moet vra om te verseker ons is gefokus op die regte dinge in hierdie lewe: "*1) Wat is die middelpunt van my lewe? 2) Watter verhoudings kweek ek in my lewe? 3) Wat is die karakter van my lewe? 4) Watter bydrae maak my lewe? en 5) Watter storie vertel my lewe?"* Watter van hierdie vrae het die meeste tot jou gespreek? Aan watter van hierdie vrae moet jy aandag gee in jou lewe? Wat moet jy doen as gevolg daarvan? Verduidelik jou antwoord.**

**Lees Jakobus 1:22-25. Wat is die effek as ons doen wat die Woord van God sê volgens vers 25? Wat is iets wat jy moet doen na aanleiding van Sondag se preek en hierdie studie? Hoe kan jou groep jou daarin help? Hoe kan hulle jou verantwoordbaar hou daarvoor?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**